# Struisbaai Stapnaweek 2023

| ROETE: | Verskeie | DATUM: | 2023/02/17 |
|---|---|---|---|

**KOMMENTAAR**

Op 17 Februarie vertrek 7 lede in storms en reën na Struisbaai. Soos ons nader ry word reën wolke net bewolk en die wind bedaar. Een lid het ter elfde ure gekanselleer. Ons begin ons stapnaweek met 'n sirkle roete van ons basis, langs die see, verby die hawe en terug na die basis. Ons steek die vuur aan en Belinda en Werner sluit veilig by ons aan. Na heerlike boerewors rolle en kuier gaan ons vroeg inkruip. Saterdagoggend om 07:30 vertrek ons na Suiderstrand , ons stap langs die see verby die dorpie tot in die Agulas bewarings gebied waar on teetyd geniet en stap die roete terug tot by die voertuie. Ons ry na die Suidste punt waar ons die voertuie parkeer en verder stap op die "boardwalk" tot by die 2de oudste Vuurtoring in die land. Die selfde roete oor die planke neem ons tot by die Suidste Punt en daar word foto's geneem. Ons volgend stop is vir middagete by die beste See kos eetplek op LÁgulhas waar ons lekker vis en chips geniet. Ons is geseënd met die beste weer en goeie geselskap. Hiervandaan het elkeen sy eie tyd waar sommige boekwinkels, snuistery winkels of lekker swem langs die hawe geniet! Die opwinding was hoog toe 'n paar brawe stappers ook aan die Pylsterte kon vat. Ongelukkig kon ons nie roomys koop agv die beurtkrag nie. Hierna was 'n heerlike blinde wynproe met kaas en wyn sonder krag onder groot gelag aan die orde van die dag. Sondagoggend om 8uur het almal weer gereed gestaan om die laaste skof van ons strandstap aan te durf. Pragtige weer het ons weer beloon en ons het ongeveer 3km uitgestap en weer terug op een van ons langste strande in ons omgewing. Almal het opgepak, paar roomyse was verorber en daarna het elkeen weer kuier kuier terug huiswaarts gekeer.

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| Wynand Krause | 2023039 | R 5 | 21 | |
| Madeleine Krause | 2023038 | R 5 | 21 | |
| Alana van Rensburg | 2023075 | R 5 | 21 | |
| Brenda Sideratos | 2023071 | R 5 | 16 | |
| Werner Booyens | 2023072 | R 5 | 16 | |
| Edna Terblanche | 2023040 | R 5 | 21 | |
| Kobus Terblanche | 2023041 | R 5 | 21 | |
| Mariana du Toit | 2023032 | R 5 | 21 | |
| Steph du Toit | 2023031 | R 5 | 21 | |
| Sinmarie | | | | Nie opgedaag nie. |
| | | | | |
| | TOTALE: | R 45 | 179 | |

| NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN: | Wynand Krause |
|---|---|
| ITEMS GEBRUIK: | Geen |

| NAME OP WAGLYS | |
|---|---|
| Geen | |
| | |

| VERSLAG DEUR: | Wynand Krause |
|---|---|